# Slegs 'n Sabbatsreis



## Die Begin

Op reis saam met Loutjie Meyer

# Voor die begin

*Die Here het vir my gesê.*

Hoeveel keer het ek nie al hierdie woorde van ‘n vriend gehoor, en dan gewonder, maar, hoe het die Here dit vir hom gesê nie.

Was dit woorde uit die lug wat hy gehoor het?

Was dit beelde wat hy gesien het?

Het hy iets gedroom?

So, hoe het die Here dan met hom gepraat?


Hierdie was ‘n belangrike saak, en ek het besluit om die vraagstuk vir myself op te los. Ek het reeds lank tevore gekies om die Here te volg, die bybel te lees, en te probeer doen wat daarin geskryf staan. Dit was vir my ‘n redelike uitdagende, maar tog leersame reis gewees, maar het my nie uitgebring by die antwoorde wat ek gesoek het nie. Daar het steeds iets gekort.

Ek het ‘n drastiese stap geneem, en besluit dat ek oor hierdie saak gaan bid, die Here op Sy woord gaan neem, Hom vra om my daarin te lei. Ek het tog immers al tevore besluit ek wil Hom volg en doen wat Hy vra.

My lewensreis wat daaruit voortgevloei het, wil ek graag met jou deel. Dit is ‘n reis wat my denke en my dade konstant laat verander. Soos wat ek meer leer, insig kry, en tyd saam met die Here spandeer, gebeur dit dat ek agterkom dat van my dade en denkprosesse nie altyd reg of opbouend is nie, en dat ek tog ook Sy stem kan hoor. Verandering is dus baie nodig.

So! Ek nooi jou uit om hierdie reis saam met my verder te stap. Ons ervarings en belewenisse op die reis sal van mekaar verskil, maar dan kan ek en jy ten minste weet: ons reis nie alleen nie. Miskien ontmoet ons eendag persoonlik, en kan ons mekaar verder bemoedig, die metafore van die lewe saam waardeer, of selfs ‘n paar Goue Lewensvrae saam oordink.

# Goue Lewensvrae



# Waaroor gaan ons gesels


1 Om die Woord te ken....5

2 Om die Woord te verstaan....6

 2.1 Ons verstaan net gedeeltelik....7

 2.2 Die kroon van God se skepping....8

 2.3 Beoordeel die skrif Geestelik....9

 2.4 God Leef buite tyd....10

 2.5 God is onveranderlik....11

 2.6 God is in beheer....12

 2.7 God is Eenheid....13

3 Om die Woord te leef....15

 3.1 Wat openbaar God oor Homself....16

 3.2 Wat openbaar God oor Sy skepping....17

 3.3 Wat openbaar God oor my....18

4 Wat nou verder....19

5 Erkennings....21

6 Waarderings....22


*Vir inspirasie en musiekvideos:*

*Skakels na Youtube kanaal*

# 1 Om die Woord te ken

Die eerste ding wat ek gedoen het na my nuwe toewyding, was om doelbewus meer tyd saam met die Here te spandeer, terwyl ek die bybel lees. Dit het noodwendig daartoe gelei dat ek bietjie stadiger lees, soms dinge weer lees, maar verseker dat ek dit beter onthou en verstaan. Ek het doelbewus gebid, elke keer wanneer ek stiltetyd hou en bybel lees, dat die Here my sal lei in en deur die proses. Om die Lewende Woord te ken, moet ek gereeld tot stilstand kom, in Sy teenwoordigheid kom, en tyd saam met Hom spandeer.



Ek het stelselmatig my benadering tot stiltetyd en bybelstudie begin vereenvoudig, tot op ‘n punt waar ek vir myself ‘n paar uitgangspunte kon vasmaak, en ‘n stel vrae kon vra met die lees van elke bybelgedeelte.

Ek wil graag hierdie uitgangspunte en vrae met jou deel. Hulle is vir my waardevol en belangrik om die Woord te verstaan, en dit mag dalk ook vir jou van waarde wees op jou reis.

# 2 Om die Woord te verstaan

Die Here openbaar Homself aan die mens op verskeie maniere. Een van die maniere is deur die bybel – die geskrewe Woord. ‘n Ander manier is deur Sy skepping, en nog ‘n ander manier is deur Sy Gees – die Gees van die Waarheid.

Ek het agtergekom, vir my om die Woord te kan verstaan, moet ek van sekere uitgangspunte af leef. Daar is sekere standpunte wat ek moet huldig. Dit beteken dat daar sekere aspekte is wat ek moet glo, alvorens ek sal kan verstaan wat die Woord vir my wil openbaar.

Ek het genoem van die geloofshoeke wat ek dink belangrik is, en wil hiermee sewe uitgangspunte rakende die geskrewe Woord vlugtig aanraak, en motiveer met slegs enkele teksverwysings. As ek self hierdie nie aanvaar of glo nie, brand ek baie gou vas.




## 2.1 Ons verstaan net gedeeltelik

In die goue draad van elkeen van ons se lewens, kom daar tye wanneer ons vrae het. Party vrae is kort, ander lank, party maklik, en party moeilik. Die vraag "*Hoekom?*" is egter per geleentheid in elkeen van ons se gedagtes, of op elkeen van ons se lippe.

Ons poog om antwoorde te kry. Ons vra. Ons lees. Ons soek. Ons roep. Ons bid. Nie altyd word ons vrae beantwoord nie. Die vraag raak egter nie weg nie.

Paulus raak aan hierdie aspek in sy eerste brief aan die Korintiërs. In die baie bekende hoofstuk wat handel oor die liefde, maak hy in 1 Korintiërs 13:12 'n toepaslike opmerking op ons vraagstuk van "*Hoekom*".

Hy maak van die beeld van 'n spieël gebruik, en verduidelik dat, ons ken en verstaan van gebeure waarin ons onsself bevind, maar eintlik op die ou end wel 'n geheim is. Dit is soos 'n weerkaatsing, nie die werklike nie. Dit is nie binne ons vermoë om nou alles te verstaan nie, al sou ons graag wou. Hierdie is 'n aspek wat ons sal moet aanvaar. Wanneer ons permanent na God gaan, sal ons ten volle kan ken en verstaan; nie voor dan nie.



Die Hebreërskrywer neem hierdie gedagte effe verder in Hebreërs 2:8. Hier praat hy van die skepping wat onderwerp is aan Christus, en dat niks oorgeslaan is nie. Die probleem wat ons tans  ervaar, is dat ons dit nie alles so kan sien of beleef nie.

Hierdie is 'n saak wat ons sal moet glo en aanvaar: Ons sal in hierdie lewe slegs gedeeltelik kan weet en kan ken. Ons kan nie die volle prentjie sien nie. Vir myself, moet ek dus aanvaar dat daar dinge is wat ek nie sal verstaan nie.

Ek kan dus nie toelaat, of bekostig, dat my verhouding met die Here skade lei omdat ek as mens beperk is nie.

## 2.2 Die kroon van God se skepping

In Genesis 1 lees ons die verhaal van die skepping: van die sterre, aarde, plante en diere, tot by die mens. Dit is alles dinge wat ons kan sien, en ‘n wêreld waarbinne ons onsself bevind, en leef. Daar word vir ons vertel dat God na hierdie dinge wat Hy gemaak het, gekyk het, en dat dit alles goed was in Sy oë. Ons sou kon sê, God was trots op Sy handewerk.

In vers 27 word egter spesifiek uitgelig dat God die mens na Sy beeld gemaak het. Nie een van die ander geskape items is na Sy beeld nie, slegs die mens. Dit behoort vir ons gou reeds ‘n gedagte te begin gee dat die mens effe uitstaan bo die res van God se skepping.

Dit skyn wel die geval te wees, want net vroeër in vers 26 beplan God dit, en net daarna in vers 28 stel God dan ook die mens aan om te heers oor Sy skepping. Die mens, geskape na die beeld van God, het dus ‘n taak en verantwoordelikheid gekry om om te sien na, en te heers oor die res van die skepping.

In Esegiël 34 vind ons dat God die mens met kleinvee vergelyk. Hy verwys na Sy kleinvee, asook Sy weiding, en eindig dan by die mooi beeld in vers 31, dat ons as Sy mense, Sy kleinvee is, en dat Hy ons God is. Soos in die hoofstuk vertel word, is ons as mens dus belangrik genoeg vir Hom, dat Hy ‘n Herder gaan stuur, om na die mens wat Hy gemaak het, al Sy kleinvee, om te sien, op Sy weiding.

In Sagaria 9:16 word die beeld van die kleinvee verder gevat. Hier lees ons weereens van Sy plan om Sy kudde te verlos, as Sy volk. Hy sluit af waar Sy verloste kudde soos ‘n juweel in ‘n kroon is. Hierdie juweel, Sy verloste kudde, sal glinster oor Sy grondgebied.

In al vier die evangelies lees ons hoe die profesieë bewaarheid word, en vind ons dat Jesus, die offer was om ons as mens, God se kleinvee, God se kudde, los te koop, en om ons as mens, Sy volk te maak, sodat Hy vir ons ‘n Herder kan wees op Sy weiding, op Sy grondgebied.

Indien ek dan sou glo en aanvaar dat Jesus wel die gestuurde Herder is, en geoffer is om my vry te koop, en om my te verlos van die ewige dood, en dat God deur my in Sy skepping wil heers, dan moet ek oop wees daarvoor dat die mens wel die kroon van God se skepping kan wees.

## 2.3 Beoordeel die skrif Geestelik

In Sy groot genade het God dit so bewerk dat Sy plan met die mensdom, en spesifiek ook met Sy uitverkore volk, opgeteken is, sodat ons vandag dit kan lees. In hierdie opgetekende geskrifte lees ons nie net oor God se plan nie, maar is daar ook verwysing na geskiedkundige gebeure en eras. Ek vermoed ons moet egter eerder die bybel lees as "*God se riglyn tot die lewe*" vir Sy uitverkore volk, as om dit as 'n geskiedenisboek te hanteer.


Een van Paulus se bekendste leerlinge was Timoteus. In 2 Timoteus 3:16 vind ons dat Paulus vir Timoteus so onderrrig, dat die skrif, soos wat hulle dit gehad het in die eerste eeu (Wet en die Profete), deur God geïnspireer is tot die mens se voordeel.

Hy gaan verder en verduidelik ook aan die Korintiërs die belangrikheid van die verskil tussen menslike en Goddelike wysheid. Ons lees in 1 Korintiërs 2:13 waar hy uitwys dat dit belangrik is om geestelike dinge geestelik te beoordeel; met goddelike wysheid, en nie menslike wysheid nie.

Petrus beaam hierdie standpunt, en met groot klem daarop, lees ons in 2 Petrus 1:20-21 dat geen profesie op eie uitleg verstaan kan word nie, omdat elke profesie, en soos dit op geteken is, deur die Heilige Gees voortgebring is.

Die Hebreërskrywer se gedagte oor die skepping, as 'n resultaat van die Woord van God, soos opgeteken in Hebreërs 11:3, is dat die sienlike uit die onsienlike voortgekom het.

Ek vermoed dat ons in ons strewe om die geskrewe Woord van God te kan verstaan, dit slegs geestelik gedoen sal kan word, en dan ook slegs soos geopenbaar deur die onsienlike Gees van God self.



## 2.4 God Leef buite tyd

Die mens leef binne ‘n tyd raamwerk. Dit gaan oor meer as ‘n alarm vir elke oggend, naweke rus, of afsprake op sekere tye.

God het in Sy skepping tydperiodes gemaak waarbinne ons leef. Ons kan hulle nie mis, of misken nie. Binne ons tyd raamwerk vind ons: Die son kom elke oggend op, elke week het 7 dae, elke jaar het 12 maande, elke jaar het ook 4 seisone, en daar word verwys na omgewingsgebeure om te onthou wanneer iets gebeur. Dit is ons alledaagse “*Normaal*”.

Wanneer ons die bybel lees, lees ons al hierdie aspekte raak: Jare, maande, seisoene, oggende, aande, uur van ‘n dag, en ook omstandighede van gebeure.

As ons ver terugkyk in die verlede, vind ons twee aspekte van belang. In Genesis 1:1, begin die bybel vir ons vertel: “*In die begin...*”. Daar is dus ‘n begin van die verhaal waarvan ons deel is. As ons sou glo wat verder in die bybel staan, sou ons moet aanvaar dat God hierdie “*begin*” gemaak het.

‘n Entjie verder in die geskiedenis, soos in Eksodus 3:14, stel God Homself aan Moses bekend. Moses het die vraag gevra; hoe moet hy God voorstel aan die Farao. God se antwoord: “*Ek is...*”. God sê dat Hy is. Uit die taalkunde kan ons hierdie woord “*is*” interpreteer as ‘n werkwoord “*om te wees*”, dus is dit aaneenlopend, ononderbroke, sonder begin of sonder einde.

Petrus het verder ‘n baie interessante, maar ook belangrike waarneming, stukkie kennis wat hy met ons deel. Inteendeel, hy lê soveel klem daarop, sodat ek dink ons dit belangrik moet ag. Ons lees in 2 Petrus 3:8 hoe hy hierdie saak uitlig: “ *By die Here is een dag soos duisend jaar, en duisend jaar soos een dag.*”

Hierdie is nie gedagtes wat ek kan verklaar vanuit my “*Normaal*” nie. Dit moet dus iets anders beteken, iets soos - dalk het God ook tyd geskep, en ons daarbinne geplaas. Ek het agtergekom dat as ek God binne ‘n tydraamwerk probeer inpas, dan redeneer ek gou in sirkels, en kom nêrens nie. Ek vermoed ons sal moet aanvaar dat God buite tyd beweeg, en ons daarbinne.

Ek gaan hierdie aspek ook verder aanraak in tema *2.5 - God is onveranderlik*.

## 2.5 God is onveranderlik

Die gedagte van onveranderlik, kan ons herfraseer na “*altyd dieselfde*”. Hier is dus twee bene waarop dit staan. Die een synde “*altyd*” en die ander “*dieselfde*”.

God se onveranderlikheid, wat ewigdurend is, word op verskeie maniere en deur verskeie skrywers aan ons oorgedra. Na Sy persoonlike bekendstelling in Eksodus 3:14, kom die psalmdigter in Psalm 90:2 en bring lof aan God wat “*van altyd af en vir ewig*” is, en dit reeds van voor die skepping af. Hier raak dit baie sterk aan ons tema *2.4 - God Leef buite tyd*.

Paulus het Jesus persoonlik ontmoet op die pad na Damaskus. Sy ervaring van God word mooi uiteengesit met gedagtes wat insluit “*onsterflik*”, soos in Romeine 1:23, en dan ook “*vir ewig en ewig*” soos in 1 Timoteus 1:17.

Die Hebreërsskrywer vul dit verder aan met gedagtes wat insluit “*altyd leef*” soos in Hebreërs 7:25, en “*ewige Gees*” soos in Hebreërs 9:14.

Johannes rond hierdie ewigdurendheid van God af met die gedagte van “*wat is en wat was en wat kom*”, soos in Openbaring 1:4.

Die onveranderlikheid van God, wat nie verander nie, word selfs deur God self genoem. In Maleagi 3:6 spreek Hy die volk aan met kras woorde. Hulle gedagtes is permanent in konflik en verandering, maar Hy wat God is, het “*immers nie verander nie*”.

Jakobus beskryf die saak ook kleurvol. In Jakobus 1:17 bring hy dank aan God, by wie daar “*geen afwyking*” is nie, en ook geen “*skadu van verandering*” nie.

Sommige van hierdie skrywers bring lof en dank aan God, en in een sin bring hulle God se onveranderlikheid ten volle na vore. In Psalm 102:28 kom die woorde “*U bly dieselfde*” en “*U jare sal nie tot ‘n einde kom nie*” saam voor. Die Hebreërskrywer gaan voort met die gedagte, en in Hebreërs 1:12 haal hy Psalm 102:28 ook aan. Hy borduur verder hierop in Hebreërs 13:8 met die gedagte van “*Jesus Christus is gister en vandag dieselfde, en tot in ewigheid*”

Ek sien hierin raak dat God self, Jesus, en die Geilige Gees, aan ons voorgehou word as ‘n God-eenheid wat buite tyd staan, vir ewig leef en nooit verander nie. Vra Hom dat Hy vir jou sal wys hoe Hy wil hê dat jy Hom moet sien en ken.

## 2.6 God is in beheer

Een van die grootste twispunte en strydvrae waarmee ons as mens worstel, is die vraag van “*Wie is nou eintlik in beheer?*” Dit is ‘n baie oop en wye vraag, en ek vermoed daar is baie verskillende benaderings tot hierdie vraag, wat sal voortvloei tot groot gesprekke en debatte.

Met verwysing na my temas *2.4 - God Leef buite tyd*, en *2.5 - God is onveranderlik*, en in die konteks van *2.1 - Ons verstaan net gedeeltelik*, is my interpretasie, afleiding en huidige standpunt – rakende God en Sy teenstander, die satan - dat God in beheer is van die skepping, met alles daarop en daarin. Derhalwe is my uitgangspunt om hierdie vraagstuk aan te spreek, om te aanvaar dat God in beheer is, en nie die Duiwel nie. Hiermee wil ek jou weereens nooi, soos met die doel van ons reis, en vra die Here dat Hy vir jou sal wys hoe om Hom te sien, en wat om aangaande Hom te glo. Ek moes dit ook doen, en het uitgekom by waar ek nou is.

In die verhaal van Job lees ons van baie dinge wat gebeur het en gesê is, sommiges as waar (Job se standpunt), en sommiges as onwaar (Job se vriende). Vroeg in die verhaal, Job 2:6, word ons gekonfronteer met Job se regverdige lewe, en die satan wat hom hieroor aankla by die Here. Satan se uitgangspunt is dat God vir Job beskerm, en dan gaan alles mos klopdisselboom. Die Here neem toe ‘n besluit, en gee vir satan toestemming om vir Job te pynig, binne ‘n sekere raamwerk. Enigiets - maar hy mag nie sy lewe neem nie. Ons lees ook verder in Openbaring 13:7, waar Johannes vertel dat die dier God se toestemming het om met die heiliges oorlog te voer.

Die profete verwys telkemale (bv. Jesaja 6:3, Jeremia 31:23, Sagaria 1:3, Maleagi 3:1 ) na God as “*die Here, heerser oor alle magte.*” Hierdie gedagte word deur Johannes afgerond in Openbaring 1:5, waar hy getuig oor Jesus: “*die Eersgeborene uit die dood en die heerser oor die konings van die aarde.*”

Tydens Jesus se bediening op aarde, het hy verskeie mense genees, wat onder andere insluit om demone uit hulle te dryf, soos byvoorbeeld in Markus 1:25. Die demone het sonder uitsondering vir Jesus gehoorsaam. Hulle het geweet wie is in beheer. Jakobus raak aan hierdie gedagte wanneer hy in Jakobus 2:19 uitlig dat die demone weet wie God is, en hulle bewe daaroor.

Vir my beteken dit dat God in beheer is – Hy het dus die finale sê - oor alle magte, omstandighede, mense, en ook oor Sy teenstanders. Hulle weet dat hulle ondergeskik is aan God, wat hulle plek is, en ook wat hulle uiteinde is. Wat glo jy?

## 2.7 God is Eenheid

In ons tema van *2.5 - God is onveranderlik*, het ons effe geraak aan die gedagte dat die Here meer is as net 'n God. Oor die algemeen word ons voorgestel aan God, wat Enkel voorkom, maar ons het reeds by drie Goddelike entiteite uitgekom wat saam is, en al drie van hulle word as ewig gesien, en hulle is al drie dieselfde; onveranderlik. Hier vind ons reeds 'n gedagte wat aandui dat God drie-enig is.

In Johannes 17 hef Jesus 'n gebed aan tot Sy Vader, waar hy by uitstek bid vir Sy volgelinge. Die fokus van Sy gebed is op eenheid, waar Hy die Vader vra om vir ons, Sy gelowige volgelinge, ook saam te snoer in 'n eenheid, net soos wat Hy en die Vader 'n eenheid is. Hierdie eenheid midde-in God, en tussen ons as mense, getuig van die belangrikheid van verhoudings vir God. Soos wat God se verhouding met Homself midde-in Een is, so wil Hy graag hê, inteendeel, verwag Hy, moet ons as gelowiges se verhouding met mekaar ook een wees.



Die Here het egter reeds 'n stappie verder gegaan; om die verhouding tussen Hom as God en ons as mens ook as sentraal uit te wys. Inteendeel, hierdie verhouding tussen God en die mens, die verhouding tussen die Skepper en Sy skepping, soos ons in tema *2.2 - Die kroon van God se skepping*, bespreek het, is die senter en motivering van al ons besprekings.

Daar is verskeie baie mooi verwysings rakende God se siening oor die mens, Sy Hand wat Hy uitreik na die mens, en Sy droom vir die mens. Ek verwys graag na 'n paar van hulle:

| | |
|---|---|
| Genesis 3:8 | Die Here God het saam met die mens en sy vrou, in die tuin van Sy skepping gewandel. |
| Jesaja 5:7 | God se uitverkore volk, die huis van Israel, was soos ‘n wingerd waarin Hy Hom verlustig. |
| Esegiël 16:8 | Met verwysing na Jerusalem, het die Here Hom in ‘n verhouding begewe, ‘n eed afgelê, en haar Syne gemaak. |
| Esegiël 37:27 | God se toekomsbelofte aan Sy uitverkorenes – Hy sal Sy woning by Sy mense maak. |
| Miga 6:8 | *“Hy het aan jou, mens, bekend gemaak wat goed is: Wat anders eis die Here van jou as om net te doen wat reg is, om troue liefde te bewys en om nederig die pad saam met jou God te loop?”* |
| Sefanja 3:17 | Die Here is in ons midde en Hy is in ekstase oor Sy mense. |
| Matteus 22:32 | God is ‘n God van lewendes, nie dooies nie |
| Openbaring 21:2 | God sien Sy mense soos ‘n bruid vir Sy Seun, die Bruidegom. |

Die Here droom groot oor ons, Sy uitverkorenes. Hy het ‘n groot verwagting van Sy skepping. Ek vermoed dat ons nie anders sal kan as om met vreugde en geesdrif te reageer op Sy Hand wat Hy na ons uitgesteek het nie.



# 3 Om die Woord te leef

Soos ek genoem het, openbaar die Here Hom aan ons op verskeie maniere en op verskeie terreine. In my strewe om die geskrewe Woord beter te verstaan, het ek by drie vrae uitgekom wat ek telkens tydens my stiltetyd aan Hom voorlê.

Vir my om die Woord te verstaan, maar dan ook prakties elke dag te gaan leef, is dit nodig om in die teenwoordigheid van die Here te wees. Ek het nodig dat Hy Homself aan my openbaar, maar ook dat Hy vir my 'Sy wil vir my' sal openbaar. Derhalwe bid ek elke keer tydens my stiltetyd vir die nodige openbarings, om steeds nader aan Hom te kom, maar ook nader aan my medemens.

Jesus het 'n gelykenis vertel, Markus 4:21, rakende 'n lamp wat op 'n lampstaander moet wees, eerder as onder 'n maathouer. Hy gaan verder in vers 24 en raak die gedagte van hoe Sy dissipels moet luister en hoor aan, in die konteks van 'n maathouer. Jesus probeer hier vir ons vertel hoe ons die lewe moet sien. Die mate en maniere van hoe ons luister, gaan 'n impak hê op die mate van hoe ons lig skyn.

Deel van ons reis is om ons oë en ore oop te kry, dat ons so kan sien en hoor, dat die lig van ons getuienis wel uitstraal soos van 'n lampstaander af. Laat ons dus ons gedagtes oop hou, dat God wel ons denke kan vernuwe, soos wat Paulus ons aanmoedig volgens Romeine 12:2, om sonder voorbehoud die skrif te lees, die Gees se leiding permanent daarin te vra, en dan sodoende ware lig kan wees in die wêreld.



## 3.1 Wat openbaar God oor Homself

Wat se insig bring die bybelteks rakende God die Vader, die Seun, of die Heilige Gees. Is ek ontvanklik genoeg om Sy boodskap van verlossing binne Sy groot raadsplan te kan raaksien. Kan ek aanvaar dat Hy God is, en ek mens?



Leer ek iets nuuts oor God

Sien ek God die Vader dalk in ‘n ander lig

Leer ek dalk iets nuuts oor Jesus

Leer ek iets nuuts rakende die Heilige Gees

Openbaar Hy dalk maniere van hoe Hy te werk gaan in Sy skepping

## 3.2 Wat openbaar God oor Sy skepping

Wat se insig bring die bybelteks rekende die skepping, of die omstandighede waarin ek myself bevind; of dalk self oor wêreldgebeure of my medemens. Lees ek die teks, of beoordeel ek omstandighede en gebeure, met 'n voorafopgestelde idee, of met 'n sekere waarde daaraan gekoppel, of is ek ontvanklik genoeg dat die Here vir my 'n nuwe betekenis daaraan kan toeken.



Sien ek God se hand in die gebeure of omstandighede

Kan ek Hom erken en eer vir wat ek sien of beleef

Sien ek dalk iets nuuts rakende Sy raadsplan

Sien ek God raak in die klein dingetjies

Sien ek God raak in die groot dinge

## 3.3 Wat openbaar God oor my

Wat kan ek leer oor myself in die bybelteks; of is daar dalk iets hierin wat ek glo die Here dalk spesifiek vir my op die hart wil lê om aandag aan te gee. Is ek dalk ontvanklik genoeg daarvoor om my eie identiteit, dit waarmee ek assosieer, of dalk my opinie oor hoe God my sien, te laat verander of verbeter. Moet ek dalk ook ‘n nuwe waarde aan myself toeken.



Moet ek ‘n verkeerde saak regstel

Moet ek onverskoning vra, of ‘n fout erken

Moet ek my sienswyse verander

Moet ek iets wat ek doen los, of iets anders begin doen

Moet ek beter luister

Moet ek anders dink, praat of optree

# 4 Wat nou verder

‘n Sabbatsreis !

Wat is ‘n sabbatsreis ?

Hoekom ‘n sabbatsreis ?

Ek het weereens gaan stilstaan om die gedagte van ‘n reis saam met die Here te bedink. Die algemene gedagte, soos die engelsman sou sê, is om saam te “journey”. Vir my beteken dit om op gereelde en ook ongereelde tye net tot stilstand te kom en myself net gou weer in my konteks te vind. Dit is egter onmoontlik as ek dit nie in Sy teenwoordigheid doen nie. Om dus gereeld genoeg in Sy teenwoordigheid te kom en te wees, het vir my beteken om stadiger te beweeg. Wanneer ek stadig genoeg beweeg om my omgewing en omstandighede raak te sien, het ek meer waardering vir waar en saam met wie ek my bevind. Toe tref die gedagte my: maar in die tyd van Moses, het God vir hulle ‘n dag gegee, wat as ‘n teken sou dien dat hulle onder Sy sorg is. Die sabbatdag. En om binne die konteks van hulle afhanklikheid van God te leef, mag hulle op die dag nie werk nie, en slegs ‘n kort afstand loop op die dag - ‘n sabbatsreis.

Vir my het die gedagte van ‘n sabbatsreis skielik baie waardevol geword. My daaglikse tydspandering saam met die Here moet van so ‘n aard wees dat ek alles wat ek vir die dag sou benodig, by Hom kan kry – net vir vandag. Dus het my daaglikse stiltetyd en bybelstudietyd ‘n sabbatsreis geword – tyd saam met die Here vir vandag.

Ek wil my gedagtegang net hier gou breek, en jou iets oor my vertel. Die Here het ons elkeen uniek gemaak volgens Sy beeld, om mekaar te kan ondersteun en bemoedig as Sy liggaam. Tog verskil ons nie regtig so baie nie, inteendeel, ons is dalk baie meer dieselfde as wat jy dink. Miskien klink iets hiervan vir jou bekend.

Ek moes ook leer lees, luister, praat en tel. Ek het ook verskeie verhoudings gehad in my verlede. Ek het ook al baie vreugdes en teleurstellings ervaar. Ek het ook al iemand naby aan die dood moes afstaan. Ek het nog nooit baie geld gehad nie. Ek was ook al afgelê en werkloos. Ek het ook al baie skuld gehad. Ek het ook al baie familietwis beleef. Ek word ook nou en dan siek.

Hierdie gebeure lei tot vrae, en ongemaklikheid, en blydskap, en onsekerheid, en soms pyn. Ek het van hierdie emosies al in die verlede beleef, en ek beleef dit nog steeds.

Omdat ons almal hierdie ervarings beleef, nooi ek jou uit – reis saam met my, en saam kan ons bemoedig en versterk word.

Die vraag wat nou by jou kan opduik, is “*maar watter reis*?”.

Die reis waarop ek myself neem, en waarop ek jou saamnooi, is om stelselmatig verskeie vraagstukke, soos die goue lewensvrae, wat ons het rakende die geloofslewe, óf beter te verstaan, óf aan te spreek. Die uitgangspunte, tesame met die vrae wat ek hierbo uitlig, wil ek gebruik as basis om ‘n reis deur die bybel aan te pak.

Die reis gaan raak aan aspekte soos: tyd spandeer saam met die Here, die bybelboeke en kontekste soos ons hulle vind, asook sekere temas wat ons vrae oor het. Soos ons die vraagstukke begin aanspreek, is die gedagte dat dit ons lewens sal begin verander, stelselmatig al meer in die rigting wat die Here vir elkeen van ons beplan of gedroom het.

Hierdie skrywe gaan ek dus opvolg met verdere skrywes en multimedia, wat kan insluit vrae, idees, bemoediging, ondersteuning, riglyne en hulpmiddels – en dit is die reis.



Ek nooi jou weer:

Kom saam met my op reis in die teenwoordigheid van die Here. Mag Hy ons oë oopmaak om die Lewe te sien, te beleef, te waardeer, die regte betekenis daaraan te koppel, en mag Hy elkeen van ons persoonlik al nader na Homself trek.

# 5 Erkennings

Op my reis tot op hede het ek die bybel gelees in verskillende vertalings, en maak ek hier en daar van ander hulpbronne ook gebruik.

Ek moes aanvanklik ‘n bietjie terugstaan en die bybelverhaal, en die openbarings wat die Here vir my daarin en daaruit gee, as ‘n geheelbeeld beskou. Dit het vir my baie groot waarde gehad, en om die waarde te behou en te laat groei, poog ek steeds om die hele bybel elke jaar deur te lees.

Ek het etlike jare terug die Lynnwoodrifse bybelskool oorsigkursus, asook ‘n paar jaarlikse dieptekursusse gedoen. Ek het verder ook ‘n diploma in pastorale narratiewe berading verwerf by Coram Deo. Oor die laaste dekade het ek verspreid die ou testament meer as sewe keer deurgelees, en die nuwe testament meer as tien keer. Ek het aanvanklik begin met die Afrikaanse vertaling van 1983, soos uitgegee deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap, maar sedertdien oorbeweeg na die Afrikaanse vertaling van 2020, soos uitgegee deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap. Meeste van my verwysings en moontlike aanhalings sal na die 2020 Afrikaanse vertaling van die Bybelgenootskap verwys.

Soms gebeur dit dat ek ‘n spesifieke tema of bybelversie soek, en dan maak ek gebruik van die konkordansie funksie in die YouVersion bybelprogram op die internet. Hierdie toepassing gebruik ek dan op my selfoon.

Ek het al die vraag vir myself gevra, “*wat is in die oorspronklike teks geskryf?*” Dus het ek ook die behoefte ontwikkel om te kan verwys na die oorspronklike Griekse- of Hebreeuse teks wat deur die bybelvertalers gebruik is. Soos uitgegee op die internet deur HagiosTech, en as ‘n toepassing op my foon afgelaai, gebruik ek so ‘n interliniêre bybel wat my hierin kan bystaan.

Verdere verwysings sal ek noem soos en wanneer dit opduik. Dit sal meestal ‘n Engelse bybelvertaling wees, of ‘n argeologiese of landskaart verwysing.

# 6 Waarderings

In die metafoor van my sabbatsreis (of geloofsreis, of selfs lewensreis), gebeur dit dikwels dat ek soos ‘n fotograaf moet optree.

Meestal wanneer ek ‘n foto wil neem, gebeur dit dat ek eers moet gaan stilstaan, soms moet ek omdraai, soms moet ek terugbeweeg, of soms moet ek na ‘n ander kykhoek beweeg. Soms moet ek wag vir die lig om te verander, of selfs ‘n beweging wat moet gebeur. Wanneer die toneel dan reg is na my smaak, neem ek die foto. Terwyl ek die foto neem, moet ek oor die algemeen stilstaan. Om ‘n foto te neem terwyl ek beweeg, is baie selde suksesvol. In ‘n mindere mate gebeur dit dat ‘n mooi toneel vanself opduik, ek op die oomblik wel reg is ‘n net ‘n foto kan neem. Meestal verg dit beplanning, beweging of verandering van my posisie, voordat ek die foto kan neem.

Hiermee deel ek as fotograaf die resultate van al my verskeie aksies om by ‘n spesifieke foto uit te kom.



*Op die agterpaaie naby Mosselbaai*



*Sonsondergang in Pretoria*
*(kamera beweeg tegniek)*



*Sonsondergang in Pretoria*



*In die woude naby Knysna*
*(kamera beweeg tegniek)*



*Sonsondergang oor Mosselbaai punt*
*(kamera beweeg tegniek)*



*Sonsondergang in Pretoria*



*Vreedsame weiding op Lesoba gasteplaas naby Fouriesburg*



*Sonsopkoms in Hartenbos*



*Rotsformasies naby Melkrivier in die bosveld*



*Brander by Mosselbaai*



*Houtstandbeeld tussen Clarens en Fouriesburg*



*Op die agterpaaie naby Kaapse Hoop*

*Vir inspirasie en musiekvideos wat ek saamgestel het*

Op jou sabbatsreis, hou die metafoor van 'n fotograaf in gedagte...

